

# Les 3

Johannes 1: 35 - 51

## 1. Inleiding

Dit word baie gesê dat die vertelling van die roeping van die dissipels baie verskil in die Johannes evangelie teenoor die ander evangelies. Dit is amper asof dit onversoenbaar is. In die Johannes evangelies word die dissipels nie so erg geroep, as wat hulle, hulself net by Jesus voeg nie. Hierdie byvoeging volg op die woorde van Johannes die dooper wat Jesus openbaar as die Messias.

## 2. Volg my

Die frase volg my hou 'n besondere betekenis in hierdie evangelie. Gewoonlik wanneer Jesus hierdie woorde uiter, het ons te make met die roeping tot dissipels. Dit is iets van 'n amptelike dienswerk wat opgeneem word. Maar hier het dit ook die betekenis van letterlik agter Jesus aanloop na waar Hy tuisgaan. Dit word eintlik iets mooi vasgevang in die rug draai op die wêreld en letterlik agter Jesus aangaan.

Dieselfde sentiment en aanwending gaan natuurlik deur na die konsep van bly by Jesus, wat die twee dissipels inderdaad ook doen.

## 3. Private getuienis

Andreas gaan vertel heel eerste vir sy broer dat hy die Messias gekry het. 'n Mens vir baie mense dinge verkondig van 'n verhoog of selfs 'n preekstoel af. Tog is daar altyd 'n deel van jou gehoor wat jou met agterdog sal uitluister. Maar as iemand iets vir jou privaat vertel is dit 'n ander saak. Andreas vertel privaat, vir sy broer wat hom vertrou van die Messias.

## 4. Jesus het 'n doel met die mense wat Hy roep

Hier in Johannes 1 is die fokus egter baie minder op wat die naamverandering vir Petrus beteken, as op die feit dat Jesus die mense deeglik ken (vgl. 43-51), en nie net 'in hulle' sien nie (vgl. 47-48), maar hulle so noem dat hy ook hulle maak wat hy hulle noem.

## 5. Jesus die Seun van Josef van Nasaret

In die res van die evangelie en in baie ander gedeeltes word die feit dat Jesus gekoppel word aan Josef 'n aardse vader, juis negatief gebruik. Dit word gebruik om te bewys dat Jesus nie van die hemel kon kom nie, Hy het dan 'n aardse vader. Maar die ironie is dat dit juis hier gebruik word om Jesus presies en duidelik te identifiseer. So alhoewel dit iets is waarvan evangelie skrywer waarskynlik sou weg beweeg word dit hier omhels.

## 6. 'n Ware Israeliet

Jesus se punt is nie dat Natanael 'n Israeliet is, 'waar' of andersins is nie, maar dat Natanael 'n sekere soort Israeliet is, 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie, geen verleiding is nie. Natanael mag in sy kritiek op Nasaret stomp gewees het, maar hy was 'n Israeliet sonder ander motiewe wat bereid was om self die eise oor Jesus te ondersoek.

## 7. Wat word onder 'n vyeboom gedoen?

Wat bedoel Jesus met dat Hy gesien het wat Natanael onder die vyeboom gedoen het? In die Ou Testament was 'n vye boom die simbool van huis of voorspoed gewees (Vgl 1 Konings 4:25,

Jesaja 36:16, Sagaria 3:10). In ander joodse geskrifte word die vyeboom gesien as die plek waar gemediteer of gebid word. Al is Johannes se hoofdoel om Jesus se bonatuurlike insig te openbaar, kan ons nie help om te wonder wat Nataneal onder die vyeboom gedoen het nie.

## 8. Teksvergelykings

1. Eksodus 4: 22 -23
2. Deuteronomium 18: 15 - 19
3. Jeremia 31:9, 20
4. Hosea 11:1
5. Matteus 4: 18 - 22
6. Matteus 10: 2 - 4
7. Markus 1: 16 - 20
8. Lukas 5: 1 - 11

## 9. Vrae

1. Wat beteken dit om Jesus te volg vandag?
2. Wat word bedoel met privaat getuienis en hoe verskil dit van openbare getuienis?
3. Wat verstaan jy onder roeping?
4. In die lig van die bogenoemde is stiltetyd en erediens bywoning belangrik?
5. Sou jy beskryf kon word as 'n ware Israeliet.

## 10. Bron

1. Carson, D. A. (1991). Die Evangelie volgens Johannes. Leicester, Engeland; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.